Rapport

Druk hierdie artikel

US se virtuele onderwys verskuif grense

2011-01-22 22:31

Marlene Malan

'n Leervennootskap tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) het 'n nuwe era vir duisende leerlinge in dié provinsie ingelui.

In 110 skole is virtuele onderwys nou 'n werklikheid vir nagenoeg 14 000 gr. 12's. En altesame 50 skoolhoofde is betrokke by dié gespesialiseerde lesings.

Dié getalle gaan vanjaar aansienlik vermeerder, na verwagting tot 20 000 leerlinge, insluitende gr. 11's.

Dit beteken een onderwyser kan op 'n gegewe oomblik voor 'n "klas" van duisende leerlinge staan en gehaltelesse aanbied.

Prof. Tom Park, direkteur van die US se afdeling Telematiese Dienste (TD), sê die WKOD het dié afdeling in 2009 gevra om te help om gehalteonderwys deur telematiese tegnologie te bied aan gr. 12's in skole wat nie na wens presteer nie.

Aanvanklik is sowat 3 000 gr. 12's in vyf vakke bereik, naamlik wiskunde, rekeningkunde, Engels (eerste addisionele taal) en fisiese en lewenswetenskappe. Afrikaans (huistaal) is later bygevoeg.

Volgens dr. Antoinette van der Merwe, direkteur van TD, kan leerlinge wat ekstra onderrig nodig het, klasse in die week en op Sondae in hul eie skole bywoon.

Dit word deur spesialisonderwysers vanuit die US se ateljee en kontrolekamer aangebied. Só word 'n

virtuele leeromgewing geskep deur satellietuitsendings na die skole.

Leerlinge kan tydens die uitsendings deur selfone of rekenaars met die aanbieders kommunikeer, soos om vrae te stel.

Besoek www.sun.ac.za/ite